education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: VRAAG 1

Nasien van die leesbegrip:

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- OF FEIT/ MENING-vrae, word die punte verdeel:
  – 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/ MENING en
  – 1 punt vir die rede/ motivering/ aanhaling.
    - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
    - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Gee penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word 'n aanhaling gevra.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/ punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/ punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

Vraag	Antwoord	Punt	LU	AS	Barrett
1.1	(Die teks handel oor) water/ gebottelde water/verskillende tipes water (wat gevier word).√	1	2	.1.1	1
1.2	Jy wys jy weet wat aangaan./Jy is deel van 'n uitgelese "in"-groep./Jy beïndruk iemand/styg in sosiale aansien.√	1	2	.1.4	2
1.3	gebottelde water√	1	2	.1.3	1
1.4	Water se status het verhoog./Water het as 'n sosiale drankie aanvaarbaar geword./Water word nie net meer as 'water' beskou nie./Water se aansien het verhoog./Water is nou 'n gesogte item./Water het belangrik geword.√	1	2	.2.5	2
1.5	stil√ en vonkel√	2	2	.2.1	1
1.6	D/1000 jaar√	1	2	.1.6	2
1.7	Koel = eietyds/byderwets/ens. √ Koel = koud/verfrissend/ens. √	2	2	.1.6	2
1.8	Dit mag nie behandel word nie√en dit moet binne 150 m van die bron gebottel word.√	2	2	.2.1	1

1.9	Die bron moet verklaar word.√	1	2	.2.1	2
1.10	Bronwater word gesuiwer (om mikrobes te verwyder) √, terwyl natuurlike water glad nie behandel word nie. √ (Albei die dele moet genoem word).	2	2	.2.1	2
1.11	Bereide water word gesteriliseer√ en fisiek behandel.√	2	2	.2.1	1
1.12	Jy drink gebottelde water ter wille van jou gesondheid√, maar as jy die bottel weggooi, besoedel jy die omgewing wat nadelig vir jou gesondheid is. √ (Beide kante moet genoem word vir twee punte)	2	2	1.6	3
1.13	Deur regulering van SANBWA. √	1	2	.2.5	2
1.14	Dit sal interessant wees om te weet hoe die eerste weergawe van ’n meesterstuk verskil van die laaste/ finale/ eindweergawe.√	1	2	.2.4	2
1.15	Daar het groei/ontwikkeling/proses plaasgevind.√	1	2	.2.5	3
1.16	Mening. √ Die woord ‘waarskynlik’√ dui daarop (dat dit die skrywer se opinie is en dat dit nie noodwendig vir almal waar is nie.) Die antwoord en motivering moet sluit. Leerders verdien geen punte as hulle net ‘mening’ antwoord of as die motivering nie ‘mening’ ondersteun nie.	2	2	.2.3	1
1.17	D/berugste √	1	2	.1.2	3
1.18	Hulle glo/onderskryf/eerbiedig die idee van verfyning./Hulle glo in ’n proses wat baie tyd, moeite en herhaalde pogings verg vir ’n finale, puik meesterstuk. √	1	2	.2.1	3
1.19	Die beste/keurigste bestanddele/Jersey-melk√ en tyd. √	2	2	.2.1	1
1.20	Dit is bekroon./Dit het pryse gewen. √	1	2	.2.5	1
1.21	Die skep van meesterlike kuns√ en die kuns om meesterlike kase te maak. √	2	2	.2.1	2

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: VRAAG 2 LU 2 AS 2.1.5

Nasien van die opsomming:

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar leerders verloor 1 punt vir aanbieding in die verkeerde formaat.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/ beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
- Taalpunte word onder die volgende voorwaardes toegeken:
  - Vir 1 punt moet 1-3 feite korrek wees
  - Vir 2 punte moet 4-5 feite korrek wees
  - Vir 3 punte moet 6-7 feite korrek wees
  - Penaliseer soos volg:
    - ❖ Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
    - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
    - ❖ Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie): trek soos volg van die drie punte wat toegeken word vir taal, af:
      - ➢ 0 – 4 foute: geen penalisering
      - ➢ 5 – 10 foute: trek 1 punt af
      - ➢ 11 – 15 foute: trek 2 punte af
      - ➢ 16 foute of meer: trek 3 punte af
    - ❖ Vir direkte aanhalings van volledige sinne word daar soos volg gepenaliseer:
      - ➢ 1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
      - ➢ 4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
      - ➢ 6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
    - ❖ Trek 1 punt af van die totaal behaal vir getal feite plus taalgebruik indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.
- Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsommings nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

Hospitaal	**Hoe die infrastruktuur verbeter word**
Rob Ferreira	Die konstruksie van 'n kafeteria/toeganklike dagsorggeriewe/ toegeruste laboratoriums word onderneem.√ Die opgradering van sale/die administratiewe blok/ die parkeerarea vind plaas.√
Middelburg	Herstelwerk word aan die dakke/ twee sale/ die helikopterlandingsarea gedoen. √ 'n Operasieteater/ apteek/ ongevalle-afdeling/ 'n nuwe hoësorg-eenheid word gebou. √
Delmas	Die opdatering van teaters/ mans- en vrouesale/ die administratiewe blok kry aandag.√
Kwamhlanga	Die pad/ parkeerarea/ sekuriteitshuis word opgradeer. √
Witbank	'n Moderne kindersaal/ verblyfgeriewe vir ma's met siek kinders word gebou.√

Aantal woorde: 80 **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: VRAAG 3

Nasien van hierdie afdeling:

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, moet die punte op die regte plekke te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

Vraag	Antwoord	Punt	LU	AS	Barrett
3.1	werkwoord (jaag)√	1	4	.2.1	1
3.2	brandende√	1	4	.2.3	1
3.3	tragedie√	1	4	.1.4	3
3.4	oorgeblewenes√ (nie oorblywendes nie)	1	4	.1.9	1
3.5	traantjies√ (meervoud verpligtend)	1	4	.1.5	1
3.6	Hoeveel hartseer/moedelose, ens./ trane vol lyding/pyn/van wanhoop/verydeling/ens. het nie dalk daarop gedrup nie? (Trane moet deur 'n woord of frase uitgebrei word wat sinvol in die konteks pas.)√	1	4	.2.5	2
3.7	bloedmin√ (Een woord)	1	4	.1.6	1
3.8.1 3.8.2	bv. Ek word van diefstal **beskuldig**. √ bv. Ek is **onskuldig** op die aanklag. √ Aanvaar korrekte volsinne wat leerders se begrip demonstreer. 'Hy beskuldig my' is niksseggend/X. Dit kon net sowel 'groet' of 'soen' gewees het. Die leerder moet demonstreer dat hy /sy weet wat die woord beteken.	1 1	4 4	1.8 1.8	2 2
3.9	C/weinige√	1	4	.1.9	1
3.10	dateer√	1	4	.2.1	3
3.11	onder√	1	4	.2.1	3
3.12	Toeriste is mense wat na ander lande reis en besienswaardighede besoek en besigtig./Persone wat vir hul plesier en ontspanning reis.√ Toerisme is die georganiseerde bedryf vir die bevordering en hantering van toere en toeriste.√	2	4	1.8	1
3.13	Die naaldwerk **is** gou (deur die vroue) bemeester.√	1	4	.2.8	2
3.14	persoonlikhede /geaardhede/identiteit √	1	4	.3.1	1

3.15	soetkoek√	1	4	.2.13	3
3.16	Hulle het nog nie pryse daarmee gewen nie. √ (Dubbel ontkenning is verpligtend.)	1	4	.2.10	2
3.17	Hulle werk is goed./Hulle lewer kwaliteit werk./Hulle werk het waarde en geniet erkenning.√	1	4	.3.2	3
3.18	D/Zim.√	1	4	.1.2	1
3.19	Ek eet kerrie en rys./ Rys word in die rysvelde gesaai.√	1	4	.1.8	1
3.20	Bv. Die drenkeling klou aan die reddingsboei vas.√	1	4	.1.9	2
3.21.1	Simpatie(k) teenoor die vroue/wil die vroue ondersteun.√	1	4	.3.2	3
3.21.2	Krities teenoor die politieke en ekonomiese situasie wat die vrouens benadeel het. √	1	4	3.2	3
3.22	Ma√	1	4	.2.5	2
3.23	wou√	1	4	.2.2	1
3.24.1	Skoonma's is/voel onwelkom in hul skoonseuns se huise./ Skoonseuns en skoonma's kom nie oor die weg nie. √	1	4	.3.3	3
3.24.2	Deur die ontkenning weg te laat in raam twee./Deur te vra wanneer jy (wel) by die huis sal wees. √	1	4	.3.3	3
3.25	B/Analogie√	1	4	.1.7	1
3.26	skoonma√	1	4	.1.9	1

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou